**Hoërskool Swartland**

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
**www.swartlandhs.co.za**
*Posbus 253, Malmesbury, 7299*

# Hoërskool Swartland
# Selfoonbeleid

## Opgestel deur die bestuurspan van HSS met bekragtiging deur die beheerliggaam

SMWalters

S Walters
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 14/10/2024

# SELFOONBELEID:

1. Leerders se selfone moet met die aanvang van die skooldag by die ontvangssekretaresse ingehandig word en kan weer aan die einde van die skooldag afgehaal word. Die sekretaresses is beskikbaar vir enige kommunikasie en oproepe tussen huis en skool.

2. Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir die diefstal van, of skade aan persoonlike besittings of geld, op of af van die skoolterrein nie. Dit sluit selfone, sakke, boeke, klere, ens in).

3. Indien 'n leerder met 'n selfoon gedurende skoolure betrap word, sal die selfoon, ingesluit die SIM-kaart, afgeneem word en vir drie weke in die kantoor se kluis vir veilige bewaring gehou word. Indien die foon voor die drie weke vir dringende sake benodig word, moet 'n skrywe met 'n duidelike motivering van die ouer aan die skoolhoof gerig word, vanwaar die skoolhoof die finale beslissing sal hê.

4. Selfone mag onder geen omstandighede gebruik word om enige ongewenste en onaanvaarbare insidente asook aktiwiteite te dokumenteer en te versprei nie. 'n Leerder wat hierdie bepaling oortree sal dissiplinêr aangekla word. Sien ook POPI-wetgewing en beleid oor inligtingstelsels en sosiale media.

5. Indien selfone in onderrigtyd vir akademiese doeleindes benodig word, sal dit onder die spesifieke leerkrag se toesig geskied. Die selfone sal dan weer na afloop van die lestyd óf by die betrokke leerkrag ingehandig word, óf terug by die ontvangssekretaresse.

**Beleidswysigings**

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 14de DAG

VAN Oktober 2024.

SM Walters

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof